NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
15 OKTOBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 40

Blitspos

Verwondering, deernis en toewyding

In die pamflet, *Theologische Existenz Heute*, wat Karl Barth in 1933 te midde van politieke spanning en konflik in Duitsland gepubliseer het, pleit hy by die Duitse kerk en teoloë om deurleefde teologie te beoefen – en niks anders nie.

Barth het dié pleidooi gelewer teen die agtergrond van Adolf Hitler se inhuldiging op 30 Januarie 1933 as kanselier van Duitsland. Hitler het deur 'n wettige politieke proses aan bewind gekom. Die daaropvolgende 18 maande het Hitler Duitsland in 'n diktatuur omskep. Die demokratiese instellings van die Weimar-republiek is geleidelik afgebreek, die opposisie is onderdruk, en alle staatsmag is in die hande van Hitler en die Nazi-party gekonsentreer.

Barth wys daarop dat in gevaarlike politieke omstandighede die kerk, predikante en teoloë net een opdrag het: om teenoor die owerheid en die gemeenskap die een God van die Ou en Nuwe Testament as die enigste Here te bely. In uitdagende omstandighede moet egte teologie die standpunt van die kerk bepaal. En dit moet ook die persoonlike verantwoordelikheid van elke predikant en teoloog wees.

Ongeveer 30 jaar later het Barth in sy lesings aan die Universiteit van Basel weer oor die begrip *teologiese eksistensie* gepraat, maar vanuit 'n ander invalshoek. In die sestigerjare het sy fokus na die geloofslewe van die teoloog en predikant verskuif. *Wat beweeg jou om 'n predikant te wees en jou volkome aan God, die kerk en die teologie toe te wy?* Sy antwoord was: *Verwondering oor God se genade, deernis met mense in nood, en toewyding aan die koninkryk van God.*

Persoonlike toewyding aan die subjek van teologie, naamlik God en sy Woord, vorm die voorveronderstelling van Barth se teologie. In 'n tyd waarin deurleefde teologiese eksistensie nie meer 'n vanselfsprekende stem in die akademie en samelewing het nie, is dit belangrik dat elke predikant en teoloog daaroor nadink. Hoe beoefen ons egte en deurleefde teologie in 'n gepolariseerde samelewing, te midde van politieke spanning en hoë vlakke van armoede en geweld? Het ons, as teoloë en die kerk van Christus, iets te sê oor die komende verkiesing? Oor die verval van dorpe, korrupsie en politieke moorde?

Prof GC van Niftrik het by geleentheid gesê: *Daar is 'n oneindige afstand tussen die koninkryk van God en die politiek, maar tegelykertyd is die koninkryk van God van oneindige belang vir die politiek.* Die NHKA leef en bestaan in die wêreld, maar mag nooit wêrelds word nie. Deurleefde teologie is essensieel noodsaaklik vir die Kerk se lewe en getuienis in Suid-Afrika.

Prof Wim Dreyer
(Emeritus/Outeniqua)

VINNIGE NUUS

LIEF EN LEED
VERJAARSDAE
VERGADERINGS
GEMEENTES EN BEDIENING
WERKGELEENTHEDE (GEEN)
KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
KOM KYK EN LUISTER SAAM (GEEN)
LIED VAN DIE WEEK
'N GEDAGTE
FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
SP ENGELBRECHT-MUSEUM
TOERUSTING
JONG VOLWASSENES
BARMHARTIGHEID
GEBED VIR DIE WEEK

"Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes."

"Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie."

www.nhka.org
Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za**
Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

LIEF EN LEED

Mev Jianni Joubert (Sinodale Dienssentrum) se seun, **Martyn**, is die afgelope naweek met **Chené du Toit** in die eg verbind. Die Kerk wens die nuwe egpaar van harte geluk!

Ds Etienne Fourie (emeritus) se vrou, **Karin**, ondergaan op 20 Oktober 'n heupvervanging. Die Kerk bid haar sterkte toe vir die operasie en die herstelproses.

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **23 Oktober**. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.

Saterdag 17 Oktober	Sondag 18 Oktober	Sondag 18 Oktober	Maandag 19 Oktober	Woensdag 21 Oktober	Woensdag 21 Oktober
Prof JH (Jan) Barkhuizen Emeritus	**Dr JH (Johan) van Staden** Sionspoort	**Ds JBJ (Kiewiet) van Deventer** Joachim Prinsloo/ Ruskoppies	**Ds HN (Hein) Kloppers** Koster/ Magaliesburg/ Noordrand	**Ds JD (Jan) Grobler** Emeritus	**Ds A (André) Steinmann** Piet Potgieter

VERGADERINGS

Vrydag 16 Oktober	Vrydag 23 Oktober
Moderamen	**Oudit- en risikokommitee**

GEMEENTES EN BEDIENING

Gemeente Meyerton-Suid is besig met 'n **Kersfees-gemeenskapsprojek**. Enige skenkings van kersliggies, ornamente en selfs tuinornamente sal waardeer word. **Kontak** asseblief vir ds Chantelle Maree by 064 755 0172.

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Die Kerkkalender vir 2027, wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

Bybelse Dagboek
in GROOTDRUK

Die inhoud is identies aan die *Bybelse Dagboek*-gedeelte van die bestaande *Almanak en Bybelse Dagboek.*

Hierdie boek word slegs op aanvraag gedruk en geen voorraad is vooraf beskikbaar nie.

Hou asseblief in gedagte dat daar 'n produksietyd is, so aflewering kan 'n paar dae neem.

R290 (versending uitgesluit)

Bybelse Dagboek en Almanak
Belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag.

R200 (versending uitgesluit)

Bestel by boekwinkel@nhk.co.za

Om die Bybel (beter) te verstaan

Hierdie is 'n herdruk van dr Gert Malan se boek, *Om die Bybel (beter) te verstaan.* Die publikasie is daarop gemik om lidmate te help om die Bybel verantwoordelik te lees en die boodskap daarvan beter te begryp.

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

R160 (versending uitgesluit)

Ná die gewildheid van Volume 1 volg 'n tweede bundel Gedagtes vir die Dag.

Hierdie opvolgboek bou voort op dieselfde beginsel: daaglikse oordenkings uit die NHKA *Bybelse Dagboek*, saamgevat om u te laat stil word, na te dink en moed te skep.

Of u elke dag 'n gedagte lees of af en toe daarin blaai – mag Volume 2 ook vir u 'n getroue metgesel op u geestelike reis wees.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u bestelling te plaas.

LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

VONKK 341: 1-5 – *Sola Scriptura!*

Sola Scriptura! God se Woord
is deur die Gees geïnspireer.
Geen mensewoord, geen kerkgesag
kan God se wil so aan ons leer.
Ons glo uit God se Woord
vloei God se redding voort.
Hy openbaar sy wil
en hoe ons dit vervul,
Sola Scriptura, in sy Woord.

Dis *Sola Gratia*, net alleen
genade wat 'n sondaar red.
Geen mens sal dit ooit kan verdien
deur onderhouding van die wet.
Hoe hard ons self probeer,
ons faal maar telkens weer.
Geen mens uit eie krag
kan redding ooit vermag –
net sy genade kan my red!

Sola Fide! Dis net geloof
waardeur ons redding kan verkry.
Niks wat ons doen, niks wat ons gee,
kan ons voor God regverdig maak.
Die Gees werk deur die Woord
en bring geloof so voort;
genade word ons deel,
gebrokenheid word heel;
dit deur geloof – *Sola Fide!*

Net Jesus Christus, Hy alleen
kan intree as ons Middelaar.
Net Hy alleen betaal die prys –
ons buig voor Hom, ons Voorspraak, neer.
Geen sonde wat ek doen,
sal Hy nie kan versoen.
Geen offer wat ek gee,
maak ooit sy liefde meer –
net *Solus Christus!* Hy alleen!

Ons eer U, Vader, as ons God
wat deur die Woord in ons wil werk.
Ons prys u Naam, besing u Seun.
U Gees maak van ons God se kerk.
Soos wat u Woord ons leer,
besing ons keer op keer,
met eerbied en ontsag,
die grootheid van u mag.
Sing: *Soli Deo Gloria!*



Die vyf *solas* van die Reformasie

Teks
Hierdie lied verwoord die vyf kernwaarhede van die Reformasie: die Woord alleen, genade alleen, geloof alleen, Christus alleen en aan God alleen die eer. Ds Hannes van der Merwe het die teks in in 2016 vir die 500-jarige herdenking van die Hervorming op 31 Oktober 2017 geskryf.

Die vyf strofes beklemtoon dat ons redding nie deur eie verdienste verkry word nie, maar alleen deur God se genade, deur geloof in Jesus Christus. Die Heilige Gees werk deur die Woord en bou ons as God se kerk op. Die lied eindig met die belydenis *Soli Deo Gloria* – aan God alleen die eer.

Melodie
Die lied word op die melodie van *Ein feste Burg,* gesing. Hierdie melodie word tradisioneel aan Martin Luther toegeskryf en dateer uit 1529. Die melodie het 'n belangrike plek in Protestantse kerkmusiek en is ook deur JS Bach verwerk.

Liturgiese gebruik
Die lied is besonder geskik vir Hervormingsondag en eredienste waarin die kernwaarhede van die Reformasie bely word. Dit kan as openingslied gebruik word om die gemeente se geloof in God se Woord, genade en verlossing in Christus te bevestig, of as antwoordlied ná die Skriflesing en prediking. Die slotstrofe, *Soli Deo Gloria*, vorm 'n gepaste lofprysing waarin alle eer aan God gebring word.

Luister ***hier*** na 'n gedeelte van die melodie. Die volledige begeleidingsnit, bladmusiek en PowerPoint-aanbieding is beskikbaar vir gemeentes wat op VONKK ingeteken is.

Pieter van den Berg
(Pretoria-Oos)

GEDAGTE

Kalmte

Op die vaarwaters van die lewe se oseaan
is ek nie alleen in my bootjie nie want Jesus is saam.
Ons is op pad van duskant na oorkant die graf,
van moeisame roei tot waar ewige rustigheid wag.

Dikwels dreig onheilsgolwe om my bootjie te verswelg
en as dit dan lyk asof Jesus rustig slaap voel ek gebelg
en soos die dissipels van weleer sal verwyt in my hart ontstaan:
"Here, gee U dan nie om dat ek dalk in die storm sal vergaan?"

Keer op keer aanskou ek in diepe verwondering
hoe sy stem die golwe en wind tot bedaring bring
en elke keer voel ek skuldig en skaam oor my kleingeloof
omdat ek vergeet het dat alles staan onder die gesag van ons Hoof.

"Here laat my geloof in dié wete immer vas bly staan –
in my lewensbootjie is ek nooit alleen, U is altyd saam
en wanneer die golwe dreig om in my bootjie in te slaan
sal ek opkyk en U in beheer van die roer sien staan."

Ruben Venter
www.ruben1202.wixsite.com/dinkgoed/geestelike-verse-c186w



FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

17 OKT – Vanaf 18:00
SEESTERGEMEENTE BRACKENHURST: KLIPWERF ORKES
Kom koop heerlike boereworsrolle en geniet die aand saam met ons en die Klipwerf Orkes.
R150 per persoon of R1 500 per tafel
Alberante Autobody, Voortrekkerstraat Repair Centre
011 868 3625 (Kerk) of 082 449 2274

22 OKT
GEMEENTE SWARTKOP: GHOLFDAG
Kom geniet 'n dag van uitstekende gholf, goeie geselskap en betekenisvolle ondersteuning vir die bediening van Gemeente Swartkop.
R5 500 per vierbal plus twee gholfkarretjies ingesluit
R1 000 borggeld per bof
R5 500 borggeld per bof plus vierbal
The Els Club, Copperleaf
079 776 7442 (Lourens)
083 399 5122 (Lorna-Mari)

24 OKT
GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: BIKES & BEETLES-BASAAR
Kom deel, verkoop en geniet 'n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin.
082 924 7344 (ds Anneline)

24 OKT – Vanaf 08:00
GEMEENTE SIONSPOORT: 4X4-UITDAGING
Kom geniet 'n dag gevul met 4x4-uitdagings wat deel vorm van die Maxxis 4x4 Challenge Series. Daar is iets vir almal – pragtige natuur, baie aksie, groot pret, heerlike eetgoed en lekker kuier. Jy wil dit nie misloop nie!
Plaas Doornfontein by Rodora – 20 km vanaf Randfontein
083 327 7701 (Corrie Hudson)
Besoek **Sionspoort 4x4 op Facebook**

25 OKT – Trekking
GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: WEN 'N WEGBREEK
Kom koop 'n lootjie en staan 'n kans om 'n wegbreek vir vier persone by ATKV-Buffelspoort te wen. Die wegbreek is vir vier nagte midweek of twee nagte oor 'n naweek in 'n opgeknapte rondawel.
Koste: R100 per lootjie
Klik ***hier*** om 'n lootjie te koop.

25 OKT – Vanaf 14:00
GEMEENTE KEMPTEN: VOICES DIVINE
Kom geniet die klanke van Voices Divine. Gratis koffie sal verskaf word.
R150 per persoon
Gemeente Kempten, hv Blouborsie- en Lorethastraat
083 725 3066 (bespreek by Elize)

30 en 31 OKT
GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS
Kom luister na 'n propvol verhoogprogram met Eloff, Die Piesangskille, Zaan Sonnekus, Spoegwolf, GnT, Riaan Rust, Leon Cremer, Min-Gespin, Hennie de Bruyn en die Kitaar Kêrels, asook Kathu se plaaslike TMC Band.

Maak 'n draai by die kuiertent. Kom geniet twee dae van musiek, kuier, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!

Besoek **www.kkak.org.za** vir meer inligting, kaartjies, uitstal- en kosstalletjiebespreking.
Sivos Sportgronde, Kathu

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT-
MUSEUM

Reis terug in tyd by die SP Engelbrecht-museum!

Ontdek kosbare kerk- en kultuurskatte en bring familie en vriende saam.

Besoeke per afspraak: **R40** per persoon.
Bespreek by **ds Johann de Bruin**: **082 733 3951** of **careljohann@gmail.com**.

TOERUSTING

WEBINAAR: WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES

Aanbieder: Mnr Simon Kotzé
Tydsduur: 90 minute

- **Dinsdag 17 November om 09:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/364988089989566?p=YS51MTOBy5i4LnT6LR
  ID: 364 988 089 989 566
  Toegangskode: zN6Ab3Bw
- **Donderdag 19 November om 19:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/39060071764078?p=UzliQOc9c5a94mTVVX
  ID: 390 600 717 640 78
  Toegangskode: x8Cb9m9K

'n Plek om stil te word
'n Stil-retreat in Pretoria Moot
Rus | Refleksie | Nuwe perspektief

Voel jy uitgeput en oorlaai? Kom weg van die alledaagse geraas, rus en kry weer perspektief.
Privaat en selfvoorsienend Vir een persoon of 'n egpaar. Oornagfasiliteite en alle nodige geriewe.
Pragtige omgewing Groot, stil stoep met uitsig oor aangrensende bosveld en die Magaliesberg, met bome en volop voëllewe.
Geestelike begeleiding Op versoek beskikbaar.

Vir verdere inligting en navrae: Dr André Ungerer | 082 940 8201 | andre@nhk.co.za

Die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) het **liturgiese materiaal** beskikbaar gestel met die oog op **Hervormingsondag**. Predikante is welkom om daarvan gebruik te maak. Die materiaal is ***hier*** beskikbaar.

Sylvia Michel-prys 2027: Aansoeke vir die Sylvia Michel-prys 2027 het geopen. Die prys bevorder en ondersteun projekte wat vroue voorberei vir leierskapsposisies in Gereformeerde kerke wêreldwyd en word in samewerking met die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK, oftewel World Communion of Reformed Churches) en die Protestantse Kerk in Switserland (PKS) toegeken.

Die WGGK moedig vroueleiers betrokke by inisiatiewe om die rol van vroue in die kerk uit te bou aan om aansoek te doen. Hulle wil veral projekte uit alle streke van die wêreldwye Gereformeerde familie bereik. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Januarie 2027**. Meer inligting is ***hier*** beskikbaar.

Uitnodiging deur die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria

Die ver-beelding en ver-woording van geloof
in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur

Deur die eeue heen het beeldende kuns, musiek, letterkunde en argitektuur 'n kragtige rol gespeel in hoe die kerk geloof verbeeld en verwoord. Kom sluit aan by hierdie insiggewende konferensie waar daar saam nagedink word oor die samehang tussen skoonheid, kuns en geloofservaring.

Kunswerk deur E Dreyer

Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg, Waterkloofpark

28-29 | 10 | 2026

Gassprekers
- Prof HF (Hennie) Stander
- Prof E (Elfriede) Dreyer

Sub-temas
- Beeldende kuns, musiek, argitektuur, letterkunde

RSVP met betaling
- 12 Oktober 2026
- antoejvr@gmail.com

Konferensiefooi: R600
- Sluit verversings, 'n onthaal en WHT-lidmaatskap in.

Navrae
- Prof Wim Dreyer | wimdreyer@nhk.co.za
- Prof Johan van der Merwe | johan.vdmerwe@up.ac.za
- Dr Christo Pretorius | christo@pretoriafm.co.za
- Dr Antionette Janse van Rensburg | antoejvr@gmail.com

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; vyf jaar deeltyds

Toelatingsvereistes:
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie.

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

Inskrywings vir Februarie 2027 kan nou gedoen word.

Maak 'n verskil in die Koninkryk van God

Navrae: Ds Bouwer Serfontein E-pos: ministry@skillspro.co.za Selnommer: 082 339 7854

JONG VOLWASSENES

Is jy in 2027 'n Matie?
Stellenbosch Hervormde gemeente wil jou graag ontmoet en ondersteun in die oorgang van hoërskool na studentelewe!

Kom woon gerus ons aanvangskamp by.
Eerstejaar of senior, almal is welkom.
Datum: 24 tot 26 Januarie 2027.
Ons kom 24 Januarie 14:00 by die kerkgebou bymekaar.
Koste: R500 per persoon.

Kontak ons gerus, en ons stuur dan al die besonderhede: dr Chris le Roux by cleroux@mweb.co.za, 079 495 3239, of ds Elizabeth Rossouw, by 3erossouw@gmail.com, +264 81 833 7022 (whatsapp), 078 032 3819 (bel).

Klik ***hier*** vir Gemeente Stellenbosch se inligtingsbrief oor die aanvangskamp.

BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

GEBED VIR DIE WEEK

Liewe Vader in die hemel,
dankie dat ek op U krag mag wag,
wanneer my vlerke moeg hang.
U bring my weer op arendsvlerke,
U gee my rustigheid te midde van storm,
en vul my met nuwe krag.
Vertrouend bly ek in u genade.

Amen.

www.boodskapvirvandag.co.za/krag-gebed/

REDAKTEUR	SUBREDAKTEUR	KOÖRDINEERDER	UITLEGKUNSTENAAR	JOERNALIS
Ds David Barnard	Ds Mariët Robbertze	Mej Sanet du Plessis	Mnr Hugo van Niekerk	Ds Iwana Kruger